# ’n Lyk, ’n Oog, ’n Boom en ’n Oor

## Die geval van ‘n Oog

Koos van der Merwe | Eden Gemeente | 15 Maart 2026

Jy kan groot ontdekkings maak as jy na die Skrif toe gaan soos ’n speurder. Jy begin vrae vra. Wat het regtig hier gebeur? Wat presies beteken die woorde? Wanneer het dit gebeur? Waar het dit gebeur? Wie was betrokke? Hoekom? En dan kom jy by die heel belangrikste vrae: Hoe raak wat ek hier lees my eie lewe? Wat sê dit vir my? Wat moet ek hiermee doen?

Oor en oor beklemtoon die Bybel die waarde daarvan om dieper in ’n saak in te delf om die waarheid te vind, en veral om dieper in die Skrif in te delf.

**Spreuke 25:2**

Dit is die eer van God om 'n saak te verberg, maar die eer van konings om 'n saak na te speur.

**Spreuke 2:4-5**

As jy [na my woorde, insig en verstand] soek soos na silwer en dit naspeur soos verborge skatte, dan sal jy die vrees van die HERE verstaan en die kennis van God vind.

**Handelinge 17:11**

Hhulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte nagespeur of hierdie dinge so was.

**Psalm 25:14**

Die verborgenheid van die HERE is vir die wat Hom vrees, en sy verbond om hulle dit bekend te maak.

**Psalm 119:11**

> Open my oë, dat ek kan sien die wonders uit u wet.

**1 Korinthiërs 2:9-10 NLV**

Dit is wat die Skrif bedoel met die woorde:“Wat geen oog gesien het; wat geen oor gehoor het; wat in niemand se hart opgekom het nie – dit het God voorberei vir hulle wat Hom liefhet.” Maar ons ken hierdie geheim omdat God dit deur sy Gees aan ons bekendgemaak het. Want die Gees deurvors alle dinge, ook God se diepste geheime.”

Op pad na Paasnaweek vertrou ons die Gees om ons te help om van God se diepste geheime

te ondersoek…

As speurders van die grootste misdaadtoneel in die geskiedenis—die beplande moord op Jesus van Nasaret—soek ons na "bewysstukke" wat die gewone verbyganger heeltemal miskyk.

In die wêreld van kriminele ondersoek is daar 'n fassinerende konsep wat hulle in Engels "The Crucial Trifle" noem. Hierdie term is bekend gemaak deur Arthur Conan Doyle se fiktiewe meesterspeurder Sherlock Holmes wat dikwels gesê het:

The Crucial Trifle:

"It has long been an axiom of mine that the little things are infinitely the most important." Sherlock Holmes

'n "Crucial trifle" is daardie oënskynlik onbenullige nietigheid—'n modderkol op 'n skoen, die effens vreemde uitspraak van 'n woord, klein strepie lipstiffie op 'n glas. Daardie iets waarby almal anders verbystap, maar wat die meesterspeurder optel en sê: "Dis interessant…" En dan soos Columbo omdraai… "Oh, just one more question sir…"

Vandag ondersoek ons iets wat op Jesus se laaste reis op aarde gebeur het. Hy vertrek vanaf Galilea na Jerusalem. Meer as 120km te voet. Hy kies 'n roete. Na negentig kilometers kom Hy by Jérigo, en doen daar 'n wonderwerk byna identies net soos die ander kere toe Jesus blindes genees het.

Maar daar is *crucial trifles*… Hierdie twee blindes is die "trifels" van Jerigo verby wie die skare eenvoudig wou stap. Maar Jesus, die uiteindelike "Slagoffer", doen self iets wat nie net 'n wonderwerk is nie, maar 'n berekende, byna tartende, uitlokkende, aanhitsende daad wat die hele moordkomplot in Jerusalem in sy finale rat gaan indwing.

Kom ons lees die amptelike getuienisverslag…

**Matteus 20:29-34**

29En toe hulle uit Jérigo uitgaan, het 'n groot menigte Hom gevolg.

30En daar het twee blindes langs die pad gesit; en toe hulle hoor dat Jesus verbygaan, roep hulle uit en sê: Wees ons barmhartig, Here, Seun van Dawid!

31En die skare het hulle bestraf, dat hulle moes stilbly; maar hulle het al harder geroep en gesê: Wees ons barmhartig, Here, Seun van Dawid!

32Toe gaan Jesus staan en roep hulle en sê: Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen?

33Hulle antwoord Hom: Here, dat ons oë geopen mag word.

34En Jesus het innig jammer vir hulle gevoel en hulle oë aangeraak, en dadelik het hulle oë gesien, en hulle het Hom gevolg.

**Bewysstuk 1: Die Ligging-analise – Waarom Jerigo?**

Die eerste reël van enige ondersoek is: Bestudeer die terrein, ligging-analise, geografiese profilering. Daarom moet ons vra: Waarom Jerigo? Jesus kon enige pad gekies het, daar was 'n korter pad deur Samaría. Op 'n ander keer het Hy juis deur Samaría gereis—miskien onthou jy sy gesprek in Johannes 4 met die Samaritaanse vrou by die put in Sigar. Vers 4 sê dat hy deur Samaría "moes" gaan. Dis duidelik, Hy moes deur Sigar reis omdat Hy die vrou uit haar morele moeras wou red. Geen reis of roete van Jesus was sómmer net nie. Ook nie sy laaste reis nie. Hoekom kies Hy hier nie die mees direkte roete nie?

Ligging-analise...

Die roete gaan verby die Dooie See, die laagste punt op die aarde, baie naby aan Jerigo, die laagste stad op die aarde.

Waaraan dink Jesus as Hy op pad na sy dood verby water reis waarin daar geen lewe is nie? Hy weet, trouens Hy het dit baie duidelik gesê "Ek gaan om te sterf. Ek is op pad na 'n plek, laer en dooier as hierdie. Die plek van ewige dood."

Sommige van die psalms was "Bedevaartsliede," liede vir die reis op pad na die aanbiddingsplek. Jesus is op pad na die tempel—watter bedevaartspsalms sou hier naby die Dooie See in sy siel weerklink?

Dalk die psalm met die titel "Uit die Dieptes" die bekende Latynse "De Profundis". 'n Psalm van iemand wat in die deiptes is omat hy aan sy sonde dink ...

**Psalm 130:1-3**

'n Bedevaartslied.

Uit die dieptes roep ek U aan, o HERE!

2Here, hoor na my stem; laat u ore luister na die stem van my smekinge.

3As U, HERE, die ongeregtighede in gedagtenis hou, Here, wie sal bestaan?

Wie sal bestaan? vra die psalm, as God ongeregtighede in gedagte hou...Jesus weet Hy is op pad na 'n dieper, donkerder plek as alle diep donker, dooie waters, daar waar God alle ongeregtighede in gedagtenis gaan hou, myne, joune, die ganse mensdom s'n, asof Jesus self dit gepleeg het.

Hy wat op pad is om te sterf... Hoe anders kon Hy as om te dink aan ...

**Psalm 88:4-9**

4Want my siel is sat van teëspoede, en my lewe raak aan die doderyk.

5Ek word gereken by die wat in die kuil neerdaal; ek het geword soos ’n man sonder krag,

6vrygelaat onder die dooies, soos die wat verslaan is, wat in die graf lê, aan wie U nie meer dink nie, en wat afgesny is van u hand.

7U het my gesit **in die kuil diep daaronder, in duisternisse, in dieptes.**

8U grimmigheid rus op my, en U druk my neer met al u golwe. Sela.

9U het my bekendes ver van my verwyder, my iets afskuweliks gemaak vir hulle; ek is ingesluit en kan nie uitkom nie.

En sou Hy kon vergeet van die teken van Jona, wat Hy self gesê het vir die Jode gegee sal word? Wat het Jona se siel vanuit die dieptes uitgeroep?

**Jona 2:3**

U het my tog in die diepte gewerp, in die hart van die see, sodat ’n stroom my omring het; al u bare en u golwe het oor my heengegaan.

Dalk dink Jesus aan...

**Psalm 69:2-3**

2 ...die waters het tot aan die siel gekom.

3 Ek het gesink in diep modder waar geen staanplek is nie; ek het in waterdieptes gekom, en die vloed spoel my weg."

Die Dooie See ... Maar dan moet ons as speurders in ons ligging-analise dink aan Jerigo, en as ons die argiewe van die geskiedenis raadpleeg vind ons ’n parallel wat té presies is om toevallig te wees. Eeue vantevore het ’n man met die naam Josua (in Hebreeus presies dieselfde naam as Jesus) die volk Israel oor die Jordaan gelei. Sy eerste missie: Die mure van Jerigo moes val sodat die volk die Beloofde Land kon binnegaan.

Die Tweede Josua is weer in Jérigo. Maar as speurders moet ons nie die fout maak om hierdie twee verhale teen mekaar te kontrasteer asof dit van twee verskillende gode praat nie: ’n "God van oordeel" in die Ou Testament, maar ’n "God van liefde" in die Nuwe Testament. Nee, daar is een God, wat in Ou en Nuwe Testamnet ewe liefdevol, regverdig, heilig en genadig is.

Die twee verhale het een gemeenskaplkie tema: Die keuse waarvoor elke mens op aarde staan.

In die eerste verhaal was die mure van Jerigo die sekuriteit van mense wat gekies het om teen God te rebelleer. Daardie mure moes val, nie omdat God toe nog ’n kwaai God was nie, maar omdat sy heiligheid en regverdigheid nie kan toelaat dat die bose vir ewig bly staan nie. ’n Samelewing of individu wat die lewe van die eerste Jerigo kies, stap op dieselfde pad van verdoeming.

In die verhaal van die tweede Josua is die Regter voor wie elke mens eendag sal staan, en die Saligmaker wat mure van skeiding tussen God en mens wil afbreek, weer in Jérigo. Hy is hier om die geestelike vesting van die bose in die menslike hart te laat verkrummel. Die waarskuwing bly dieselfde: Elke mens se mure, sy selfgemaakte sekuriteite, dit wat die "Jérigo" van sy lewe definieer, sal uiteindelik tuimel. As jy nié hierdie een ware Josua aanvaar nie, sal jou mure in oordeel val; ás jy Hom aanvaar, val die mure sodat jy die ware Beloofde Land van sy genade kan binnegaan.

Hier is nog ’n versteekte leidraad met betrekking tot Jérigo: Jérigo was die tuiste van duisende priesters en Leviete wat in die Tempel in Jerusalem diens gedoen het. Hulle het gereeld op hierdie pad gereis. Deur hierdie wonderwerk juis hier te doen, voor die oë van die godsdienstige elite, is Jesus besig om ’n "visuele verklaring" te maak. Hy plant ’n bewysstuk van sy gesag reg in die pad van sy vyande.

Maar ons vind ’n oënskynlike teenstrydigheid in die getuienisverslae. Matteus en Markus sê die wonderwerk het gebeur toe Jesus uit Jerigo uitgegaan het; Lukas sê dit het gebeur toe Hy die stad nader. Is die getuies verward? Nee. In daardie tyd was daar eintlik twee Jerigo’s. Daar was die ou stad van die tyd van die eerste Josua, wat nou ’n klein redelik vervalle nedersetting was, en die nuwe Herodiaanse stad wat 1.5 km verder gebou is.

Dit beteken dat Matteus wat sê hulle het uitgekom en Lukas en Markus wat sê hulle het ingekom, was al drie korrek!

Maar Lukas en Markus noem net een blinde, Matteus noem twee:

Moontlikheid A (onwaarskynlik): Dit was twee verskillende wonderwerke. Jesus begin deur een blinde te genees by die ingang, en teen die tyd dat Hy by die ander kant uitstap, is daar nog twee wat Hom roep.

Moontlikheid B: Dit was dieselfde wonderwerk wat gebeur het by die uitgang van die ou stad (wat natuurlik ook die naderkom na die nuwe stad was). Matteus noem twee persone, terwyl Lukas net één noem, Markus ook, én hy vermeld sy naam: Bartimeüs, omdat hy dalk die meer bekende een was, wat die ander blinde half onder sy vlerk geneem het.

## Bewysstuk 2: Die Sosiologiese Profiel van die Skare

Ons bemerk ’n ontstellende dinamika in die menigte wat Jesus volg. Vers 31 lewer die getuienis: “En die skare het hulle bestraf, dat hulle moes stilbly…”

As ondersoekers moet ons vra: Wat is die "motief" van hierdie skare? Hulle is vroom mense, op pad na die grootste godsdienstige fees van die jaar. Hulle wil God gaan aanbid, tog vertrap hulle die einste God se beeld in die blindes wat langs die pad lê en bedel.

Die Joodse teoloog en filosoof Abraham Joshua Heschel het eenkeer gesê:

"Indifference to evil is more insidious than evil itself; it is more universal, more contagious, more dangerous. A silent observer is more than a witness; he is an accomplice." (Abraham Joshua Heschel)

Hierdie skare is nie net toeskouers nie; hulle is medepligtiges aan die duisternis. Met die stilmaak van die blinde bedelaars, kyk hulle wat sê hulle aanbid die God wat sê Hy hoor as ellendiges roep neer op menslike ellende. Hulle ly aan wat ons in die ondersoek "funksionele blindheid" noem. Hulle het oë, maar hulle sien nie wat hulle moet sien nie.

O, mag hierdie skare se blindheid vir ons 'n waarskuwing wees teen vroomheid sonder omgee...

Die skare dink hulle beskerm Jesus se waardigheid en tyd: Hy kan nie nou aandag gee aan bedelaars nie...

O, hulle verstaan nie... Jesus gee altyd aandag ...

"Attention is the rarest and purest form of generosity." Simone Weil

Die skare het oë wat kyk sonder om aandag te gee. Dis die bindste blind.

**Bewysstuk 3: Die "Seun van Dawid" – 'n Strategiese Provokasie**

Hoor weer die uitroep in vers 30: "Wees ons barmhartig, Here, Seun van Dawid!"

Vir 'n speurder is hierdie nie net 'n beleefde groet nie, maar 'n deurslaggewende leidraad. Seun van Dawid was die titel van die verwagte Verlosser. Dit het politiese konnotasies: Die Messias is hier wat Israel van sy Romeinse onderderukkers gaan verlos. Baie riskant in die gespanne atmosfeer van 'n Romeins-besette Israel ...

Jesus gebruik nie hierdie oomblik om te sê: "Bly asseblief stil, julle gaan my in die moeilikheid bring" nie. Inteendeel, Hy staan stil. Hy aanvaar die titel. Hy wil juis hierdie getuienis reg voor die neuse van die priesters en spioene wat ongetwyfeld in die skare was "deponeer".

Die vermoorde aartsbiskop van El Salvador, Oscar Romero, het die risiko van hierdie soort belydenis verstaan toe hy gesê het:

"A church that doesn't provoke any crisis, a gospel that doesn't unsettle, a word of God that doesn't get under anyone's skin... what kind of gospel is that? The gospel must be a light that exposes the shadows of injustice." Oscar Romero

Deur toe te laat dat die blindes Hom "Seun van Dawid" noem, is Jesus besig om die krisis uit te lok. Hy weet dat hierdie woorde binne ure die ore van Kajafas en Pilatus gaan bereik. Hy gebruik hierdie twee "trifle" getuies om sy amptelike intog as Koning aan te kondig.

Jesus beplan 'n situasie wetende dat dit sal lei tot sy kruisiging. Hy kies hierdie spesifieke oomblik om sy identiteit te openbaar sodat die mure van godsdienstige skynheiligheid in Jerusalem kan begin kraak. Hy kruip nie weg vir die moordenaars nie; Hy daag hulle om hulle kaarte te wys.

“Seun van Dawid” roep die twee blindes … Dit voel veiliger om na Jesus te roep as "goeie Leermeester”, of selfs “Redder”. Maar die Redder is altyd ook die "Seun van Dawid”, Koning wat alles in jou lewe kom opeis. Jesus weier altyd om "veilig" te wees. Hy kies die titel wat Hom gaan laat doodmaak, omdat dit die enigste titel is wat ons kan red. En jy kan Hom net ken as Redder as jy buig voor Hom as Koning.

### Bewysstuk 4: Die Forensiese Ondervraging – Die Krag van die Vraag

In vers 32 doen Jesus iets wat in kriminologiese sielkunde beskryf kan word as 'n "open-ended interrogation". Hy vra: “Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen?”

Met hierdie vraag "ontwapen" Jesus die twee blindes van hul gewone smeek en bedel. Hy dwing hulle om nie hulle gewone behoeftes te noem nie: “Rabbi, kan u dissipels nie maar vir ons 'n klompie shekels tussen die skare bymekaarmaak nie, ons is arm en honger…” Nee, Hy moedig hulle aan om te waag. Hulle het gehoor Hy het blindes laat sien….. Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen? Hy vra sodat hulle kan verstaan wat Hy vir hulle wil doen, en waag om Hom daarvoor te vra.

Julian van Norwich het geskryf:

"Prayer is not a request for what we lack, but a realization of what we already have in God's desire for us. He wants us to ask, so that our desire can be enlarged to receive the greatness of His gift.” Julian van Norwich—middeleeuse mistikus

Deur die vraag te stel, is Jesus besig om hul begeerte te vergroot. Hy skuif die fokus vanaf hul hande (bedel vir geld) na hul oë (bedel vir lig).

Dis nie altyd maklik om eerlik te antwoord op hierdie vraag van Jesus nie. As Jesus vandag voor my sou staan en vra: "Wat wil jy werklik hê?", wat sou ek vra?

Bid ek meestal "veilig" deur te bid vir dinge wat ek eintlik self kan regmaak? Met hierdie vraag help Jesus ons om God te vertrou vir die mure wat net Hy kan laat tuimel.

Die blindes se antwoord—"Here, dat ons oë geopen mag word”—is 'n belangrike bewys in ons

ondersoek, die bewys van 'n geloof wat alle menslike logika weerspreek … Om nie te vra vir 'n pleister nie; maar vir 'n Goddelike ingryping.

**Bewysstuk 5: Die Fisiese Kontak – Geïnkarneerde Liefde**

In vers 34 lees ons: "En Jesus het innig jammer vir hulle gevoel en hulle oë aangeraak..."

Jesus kon van 'n afstand af genees het met 'n enkele woord, maar Hy kies om sy vingers op hul oë te sit. Waarom hierdie fisiese intimiteit?

Wat doen hierdie woorde aan jou?:

"To love someone means to see them as God intended them to be. To touch someone in their brokenness is to affirm that the image of God is still there, even under the scars." Fyodor Dostoevsky

Deur hulle aan te raak, sê Jesus: "Ek sien nie net julle blindheid nie; Ek sien julle menswaardigheid." Jesus breek die reëls van sosiale afstand, want volgens die Joodse wette was hulle onrein. Hy breek die mure van isolasie af. Soos Hy gedoen het toe Hy as mens tussen ons kom woon het. Vlees van ons vlees.

Hy "besmet" Homself met die blindes gestremdheid om hulle te "reinig" met sy lewe.

"The human touch is the most powerful conductor of the divine. When we are touched by grace, the threshold between the visible and invisible disappears." John O'Donohue

By Jerigo verdwyn daardie "threshold". Die God van die heelal raak aan die vuil gesigte van twee bedelaars. Die "crucial trifle" spreek van 'n God wat net besig met die "groot sake" van die wêreld nie, maar van 'n God wat naby kom, aan bedelende mense se stukkendhied en blindheid kom raak. Wat 'n hele optog sal stop vir arm, bedelende blindes, omdat hy 'n "innige jammerte" het, soos 'n fisiese reaksie, ontsteltenis in sy binneste.

Niemand is ooit vir hierdie Heer net 'n nommer in die skare nie.

**Bewysstuk 6: Die Groter Wonderwerk – Die Pad na Golgota**

Die laaste stukkie getuienis is wat hierdie blindes doen die oomblik toe hulle sig herstel is: "...en hulle het Hom gevolg."

"Volg" is die term vir dissipelskap. As goeie speurders moet ons die trajek van hul beweging "rekonstrueer", en ons sien hulle stap onmiddelik agter Jesus aan, die berge op na Jerusalem. Ja, die pad na Jerusalem was, en is altyd, 'n bergpad, "opdraand".

"Sight is the beginning of service. We do not work to see; we see so that we may work. To follow Christ is not a walk in a garden, but a march to a battlefield where the self must be surrendered." Watchman Nee

Hierdie twee se eerste visuele ervaring van die wêreld was die Meester op pad na Jerusalem, en wat hulle nie geweet het nie, op pad na die kruis toe om vir hulle te sterf. Hulle oë is deur Jesus aangeraak, maar die groter wonderwerk was in die hart toe blinde bedelaars volgelinge word.

Het hulle weggedyns vir hierdie pad? Nee, in die vroeë kerk was Bartimeüs in hoë agting vir sy diep toewyding.

Ons leer by hierdie blindes om "Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?" nooit te skei van "Volg My" nie.

Soos Mary Oliver geskryf het...

"Instructions for living a life: Pay attention. Be astonished. Tell about it." Mary Oliver

Ons ondersoek is gedoen. Die bewyse is onweerlegbaar.

Jesus het nie sonder rede deur Jerigo gereis nie. Hy het die roete gekies as 'n inflitreerder en beroerder wat 'n eeue-oue setel van die bose en die mure van menslike rebellie gekonfronteer het. Hy het die blindheid van die godsdienstige elite ontbloot en die pyn en geloof van uitgeworpenes raakgesien. Elke detail van hierdie wonderwerk was beplan en het betekenis.

In die "crucial trifles" van ons ondersoek het ons groot versteekte bewyse gevind van wat regtig in Jerigo gebeur het...

Forensies Gevolgtrekkings ná die Ondersoek van die Wonderwerk in Jérigo:

| **The Cruicial Trifel** | **Versteekte Betekenis** |
|---|---|
| Die lae ligging by die Dooie See | Ek daal af na die diepste dieptes, ook joune. |
| Die dorp Jérigo | Ek kan alle mure laat tuimel. |
| Die skare wat die blindes stilmaak | Mense is blind vir mekaar en die Meester. |
| Die titel: "Jesus, Seun van Dawid" wat die blindes uitroep | As jy roep na Jesus die Wonderwerker, moet jy buig voor Jesus die Koning. |
| Jesus se vraag: "Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen?" | Gee My jou ware, diepste, grootste nood en behoeftes. |
| Die aanraking deur Jesus van die blindes se oë | Ek is naby jou; jou pyn raak my hart. |
| Die bedelaars wat Jesus volg | Die grootse wonderwerk is 'n nuwe wandel op 'n nuwe pad met 'n nuwe hart |

Oor 'n paar dae sou die eerste spyker deur Jesus hande en voete gaan. En sou Hy sy lewe gee.

Hier by Jérigo het Hy dit klaar begin weggee vir twee bedelaars.

By Jérigo, die stad waar Josua die mure laat val het...

Het jy mure wat jy wil hê Hy moet afbreek?

Wil jy hê Hy moet jou aanraak. Jou blindheid, sonde, pyn, verwarring, vrees, angs?

Hoor vandag die stem van die Tweede Josua. Sy naam is Jesus. Die Seun van Dawid. Hy is die Wonderwerker en die Koning. Roep na Hom.

Die saak is duidelik. Die getuienis is gelewer. Die res van die storie lê in jou hande. Hoe reageer jy vandag op die man wat stop vir jou by Jerigo?